Record

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A.570/2001

DATUM: 12 APRIL 2002

In die saak tussen:

KENNETH MARTHINUS Appellant

en

DIE STAAT Respondent

U I T S P R A A K

VAN REENEN, R: Daar word geriefshalwe na die appellant verwys as beskuldigde 2.

Beskuldigde 2 is saam met Joseph Afrika (as beskuldigde 1) in die landdroshof van Hermanus aangekla van twee oortredings van die Regulasies afgekondig onder Goewermentskennisgewing R1111 gepubliseer in Staatskoerant 19205 van 2 September 1999 en uitgevaardig kragtens die bepalings van artikel 58(4) van die Wet op Lewende Marine Hulpbronne, nr 18 van 1998.

Die eerste klagte was dat die beskuldigdes op 23 Desember 2000 en te Danger Point in die distrik van Hermanus en in die omgewing van Gansbaai wederregtelik en onwettiglik meer as 20 perlemoene te wete

/ ...

160 perlemoene bewaar, beheer of besit het. Dit is 'n oortreding van Regulasie 38(3) uitgevaardig onder die Wet.

Die tweede klagte was dat die beskuldigdes op dieselfde datum en plek wederregtelik en onwettiglik tydens en na visvangs of verwante bedrywighede 160 perlemoen vervoer het wat nie in 'n heel toestand was nie, anders as op gesag van 'n permit. Dit is 'n oortreding van Regulasie 36(1) afgekondig onder die Wet.

Die beskuldigdes, wat onverteenwoordig was, het onskuldig gepleit. Nadat die Staat getuienis aangebied het en die beskuldigdes hul saak gesluit het, sonder om self te getuig of getuies te roep, is die beskuldigdes skuldig bevind, soos aangekla. Beide beskuldigdes is ses maande gevangenisstraf opgelê ten opsigte van elkeen van die klagtes waaraan hulle skuldig bevind is. Beskuldigde 2 het appelleer na hierdie Hof teen die vonnis wat hom opgelê is.

Blykens die betoogpunte is die appèl teen die vonnis daarop gebaseer dat die Verhoorhof in twee opsigte misgetas het. Die eerste is dat die Hof die oplegging van 'n boete oorweeg het, maar dit nie as 'n gepaste vonnisopsie oorweeg het nie, omdat beskuldigde 2 nie oor voldoende fondse beskik het om 'n boete te betaal nie. Die tweede is dat die Hof die erns van die misdryf oorbeklemtoon het en as gevolg daarvan onopgeskorte gevangenisstraf as die enigste geskikte vonnisopsie beskou het.

/ ...

Dit is geykte reg dat 'n hof van appèl nie die bevoegdheid het om na willekeur met 'n vonnis wat deur 'n verhoorhof opgelê is in te meng nie. Sien R v LINDSAY 1957(2) SA 253 (A) te 253 F.) 'n Hof wat appèljurisdiksie uitoefen meng slegs met die vonnis van 'n verhoorhof in indien daar 'n wesenlike mistasting begaan is of die opgelegde vonnis steurend of skokkend onvanpas is. Sien S v MALGAS 2001(1) SASV 469 (HHA) te 478 d - h.

Dit is algemene aanvaarde reg dat dit 'n wesenlike mistasting konstitueer indien 'n Hof feite wanopgevat het, belangrike faktore buite rekening gelaat het wat in aanmerking geneem behoort te gewees het, of die misdryf oorbeklemtoon en/of die beskuldigde se persoonlike omstandighede onderbeklemtoon het. Sien S v BRAND 1998(1) SASV 296 (K) te 303 f en die sake wat daarin na verwys word.

Wat die aard van 'n mistasting wat inmeng regverdig betref, het OLIVIER, AR in S v KIBIDO 1998(2) SASV 213 (HHA) die volgende te 216 i - j gesê:

> "Furthermore, a mere misdirection is not by itself sufficient to entitle a Court of Appeal to interfere with the sentence; it must be of such a nature, degree or seriousness that it shows directly or inferentially that the Court did not exercise it's discretion at all or exercised it improperly or unreasonably."

/ ...

Die beskuldigdes se aanval is beperk tot die eerste van die gronde waarna daar in S v MALGAS verwys word, naamlik dat die Hof 'n mistasting sou begaan het. Die landdros het in sy uitspraak terdeë daarvan kennis geneem dat beskuldigde 2 'n getroude man was met afhanklikes en dat hy 'n eerste oortreder was. Die Hof het gevolglik die moontlikheid van 'n boetestraf oorweeg, maar het dit as 'n vonnisopsie verwerp. Dit is myns insiens 'n verwringing van die landdros se uitspraak op vonnis om te suggereer dat direkte gevangenisstraf opgelê is bloot omdat beskuldigde 2 nie oor die vermoë beskik het om 'n gepaste boete te kan betaal nie. Dit is duidelik dat die landdros se benadering was dat die gereelde voorkoms van die misdrywe waaraan die beskuldigdes skuldig bevind is, asook die groot getal perlemoene wat betrokke was, die oplegging van 'n opgeskorte gevangenisstraf geregverdig het.

Dit wil verder voorkom dat beskuldigde 2 se onvermoë om die boete te betaal bygehaal is bloot om te toon dat 'n boete wat binne sy finansiële bereik sou wees, ontoepaslik sou wees. Afskrikking van 'n beskuldigde en 'n andere van die pleging van 'n besondere misdryf is een van die erkende oogmerke van strafoplegging. Afskrikking tree na vore veral waar 'n misdryf gereeld in 'n hof se regsgebied voorkom. Die landdros het duidelik beoog om deur gevangenisstraf op te lê die afskrikkingselement van strafoplegging te beklemtoon. Dit is duidelik uit die landdros se uitspraak op vonnis dat hy kennis geneem het van die ongekende afmetings wat die stroping van die kus van sy skulplewe aanneem en dat hy van mening was dat die tyd aangebreek het dat tronkstraf selfs vir eerste oortreders opgelê behoort te word. Is daar

/ ...

enigiets wat betref beskuldigde 2 se morele skuld op sterkte waarvan, in weerwil van die gereelde voorkoms van die betrokke misdrywe en die behoefte afskrikking, dit geregverdig sou wees om 'n vonnis anders dan onopgeskorte gevangenisstraf op te lê? Dit wil vir my nie so voorkom nie.

Dit is duidelik uit die gebeure wat tot beskuldigde 2 se arrestasie aanleiding gegee het, asook sy houding en optrede tydens die verhoor, dat hy nie enige les uit hierdie gebeure geleer het nie.

Beskuldigde 2 het op 23 Desember 2000 ongeveer kwart voor drie die middag sy grys Mazda 262 vanaf Danger Point in die rigting van Gansbaai bestuur. Saam met hom was beskuldigde 1 as passasier op die voorste passasiersitplek. Ook in die motor was 'n jong seuntjie en 'n ander jongerige manspersoon.

Mnr Stanley John Dramat, 'n inspekteur verbonde aan Marine en Kusbestuur te Gansbaai, vergesel van sy kollega, mnr Allaister Maans, het die motor van beskuldigde 2 vanaf die teenoorgestelde rigting genader. Toe hulle plus minus 50 meters uit mekaar was, het beskuldigde 2 sy voertuig langs die pad tot stilstand gebring. Dit was 'n grondpad. Beskuldigde 1 het by die voorste passasiersdeur uitgespring, na die kattebak gehaas, dit oopgemaak en 'n sak (dit blyk 'n wit soutsak te gewees het) in die bossies langs die motor neergegooi. Toe Dramat stilhou naby waar die motor tot stilstand gekom het, het hy waargeneem dat nog 'n sak, dit was 'n swart sportsak, neergegooi word. Beskuldigde

/ ...

2 het intussen uitgeklim en die enjinkap van sy voertuig oopgemaak en het met die olietoetsstok in sy hand gestaan en gesê dat die kar aan die brand geraak het.

Dramat het na beskuldigde 1 gegaan en Maans tot by beskuldigde 2. Dramat het die sakke, te wete 'n wit soutsak en swart sportsak wat beide toe was, ongeveer 'n meter tot 'n meter en 'n half vanaf die sykant van die motor in die bossies opgelet. Op navraag het beskuldigde 1 gesê dat die sakke klere bevat het. Dramat het die sakke oopgemaak en bevind dat dit perlemoen, naamlik *helihotis middae* bevat het.

Beskuldigde 1 en 2 het ontken dat dit hulle perlemoen was. Hulle is toe gearresteer en Maans het hulle vergesel tot by die Gansbaai polisiestasie in konvooi met Dramat in sy voertuig. Daar was 160 ontskulpte perlemoen in die twee sakke. Beskuldigdes 1 en 2 kon nie enige permitte toon nie. Die jongerige persoon was wel in besit van 'n permit wat hom gemagtig het om in besit van drie perlemoene te wees.

Soos reeds gemeld het beskuldigde 2 onskuldig gepleit en deurentyd met sy onskuld volhard en het die geloofwaardigheid en betroubaarheid van Dramat en Maans bevraagteken. Daarmee kan daar nie fout gevind word nie. Waarmee daar wel fout gevind kan word, is die feit dat beskuldigde 2 tydens kruisondervraging onreëlmatighede aan mnre Dramat en Maans toegedig het, naamlik dat van die perlemoen vir die insittendes van 'n motor van Gauteng gegee sou gewees het en dat neerhalende dinge sou gesê gewees het, naamlik soos "vandag gaan hierdie jong nie loskom

nie". Hy het egter nie die moed van sy oortuiging gehad om dit onder eed in die hof te herhaal nie. Die stilhou omdat die enjin na bewering aan die brand sou geraak het, was 'n slinkse plan om die geleentheid te skep ten einde te poog om van die perlemoen ontslae te raak en op daardie wyse 'n wol oor die inspekteurs se oë te trek. Die aangebode getuienis toon duidelik dat daar absoluut niks met die voertuig verkeerd was nie.

Daar is nie eers 'n greintjie van getuienis dat beskuldigde 2 toegee dat hy verkeerd opgetree het nie. Hy het valslik daarmee volhard dat hy oor die nodige permit beskik het en nog minder het hy enige berou gedemonstreer. Daar is gevolglik nie ruimte vir tegemoetkomende bestraffing nie. In daardie verband sien DU TOIT: STRAF IN SUID-AFRIKA te 70. Inteendeel, alle aanduidings is in die teenoorgestelde rigting.

'n Hof wat appèljurisdiksie uitoefen het 'n wye diskresie om te besluit watter faktore 'n invloed mag hê op die aard en duur van wat 'n gepaste vonnis is; asook watter waarde aan elkeen van daardie faktore gegee moet word. Sien S v KIBIDO (supra) te 216 g - h.

'n Versuim om enige faktore in aanmerking te neem of om die gepaste gewig daaraan te verleen, konstitueer 'n mistasting, maar slegs, soos wat OLIVIER, AR in S v KIBIDO (supra) te 216 i gesê het:

> "When the dictates of justice carry clear conviction that an error has been committed in this regard."

/ ...

Na my mening, het die landdros nie enige mistastings van daardie aard begaan nie. Gevolglik is daar nie enige basis waarop daar met die opgelegde vonnis ingemeng kan word nie. Bygevolg WORD DIE APPèL VAN DIE HAND GEWYS.

.....

VAN REENEN, R

H J ERASMUS, WnR: Ek stem saam.

.....

H J ERASMUS, WnR

/ ...

OORSKRYFSTER SE SERTIFIKAAT

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die voorgaande, tot die beste van my vermoë en sover dit hoorbaar is, 'n ware en juiste afskrif is van die oorspronklike getuienis wat deur middel van 'n digitale opvangtoestel opgeneem is in die saak van:

K MARTHINUS v STAAT

DATUM AFGEHANDEL: 20.9.2002

LIASSEERNOMMER: A570.01

OORSKRYFSTER: G W MEINTJES

NAGESIEN DEUR: _____

GEKORRIGEER DEUR: _____